

Lekkerbekkie Nuusbrief

18 FEBRUARIE 2015 | UITGAWE 88



Inhoud:

- * Kinderstorie: Padda red vir Brommer (deur Corlie Putter)
- * Produk van die week: Jou seekoei staan op my voet
- * Inkleurprentjie: Padda red vir Brommer

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Padda red vir Brommer deur Corlie Putter

Padda en Brommer is beste maats. Hulle doen alles saam. Op 'n dag kom daar mense piekniek hou langs die riviertjie waar Padda en Brommer woon. Toe die mense klaar geëet het en weer in hulle motor weggery het, sê Padda: "Die mense het iets vergeet! Kom ons gaan kyk wat dit is!" Hy hop nuuskierig van die een lelieblaar na die ander tot op die rand van die riviertjie. Brommer zoem opgewonde agterna.

Op die piekniektafel staan 'n glas met 'n bietjie oorskiet-melkskommel in. Padda gril vir die melkskommel. Dis BLOU melkskommel! Hy weet sommer hy sal NOOIT OOIT van só iets hou nie! "Kom ons gaan liever terug rivier toe," sê hy vir Brommer, maar Brommer is nou skoonveld!

Padda loer onder die piekniektafel en onder die stoeltjies ook, maar Brommer is nie daar nie. Hy knyp sy neusie toe en loer in die vullisdrom langs die piekniektafel, maar sy maatjie is ook nie daar nie!

"Brommer!" roep Padda skrikkerig. Hy is nie gewoond daaraan om alleen te wees nie. Maar dan hoor hy skielik 'n snaakse geluid. Padda luister mooi. Die geluid kom van die glas op die tafel af!

Baie versigtig hop hy nader. Hy loer oor die randjie van die glas en daar sien hy vir Brommer! Arme Brommer het in die blou melkskommel geval! Sy vlerkies papnat en hy spartel vreeslik, maar kan nie uit nie!

Padda skrik hom boeglam. Hy sal sy maatjie moet help, maar hy weet nie hoe nie. Skielik kry hy 'n plan. "Gryp my tong, Brommer, dan trek ek jou uit!" roep hy. Padda skiet sy tong so ver uit as wat hy kan, maar Brommer kan dit nie bykom nie. Moedeloos sink hy net al dieper in die melkskommel in.

So vinnig as wat hy kan hop Padda tot by die biesies wat langs die riviertjie groei. Met een groot sprong spring hy deur die lug en breek een van die biesietakkies af. Biesietakkies is hol van binne. Padda suig aan die biesietakkie - dit werk nou nes 'n strooitjie! Hy hop vinnig terug tot by die glas, steek die biesie-strooitjie in die melkskommel, en begin te drink. Hy drink en drink en suig en suig aan die blou melkskommel. Padda suig so hard as wat hy kan aan die biesie-strooitjie... en daar suig hy sowaar vir Brommer in die strooitjie op!

Padda suig tot Brommer binne in sy groot bek is, en dan spoeg hy hom uit! Brommer is baie bly en gee vir Ppadda 'n stywe drukkie omdat hy hom gered het. Bewerig gaan sit hy in die son sodat sy vlerkies kan droog word.

Padda sien nou dat daar nog 'n bietjie van die blou melkskommel in die glas oor is... Hy loer eers of Brommer nie kyk nie, en dan suig hy dit vinnig deur die biesie-strooitjie op! Blou melkskommel is lekkerder as wat hy gedink het!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Verskoon tog, maar jou seekoei staan op my voet...

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskriffie is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Moenie Anna se heel nuutste storie-CD misloop nie:

Verskoon tog, maar jou seekoei staan op my voet...

Afrikaanse Kinderstories

Dit gaan nie goed met Koning Olkebolke nie. Hy is moedeloos en mismoedig en moeg vir die lewe. Nie eens die nuwe popcorn-masjien maak hom opgewonde nie.

Maar dan kom vra die buurman of hy dalk sy troetel-seekoei by die kasteel kan los - net tot hy terug is van vakansie...



Vier splintemuwe, skreeusnaakse stories deur Anna Emm, voorgelees deur Clara Joubert!

Stories op die CD:

1. Jou seekoei staan op my voet
2. Jou seekoei rol in my petunias
3. Jou seekoei vreet my briewe
4. Jou seekoei jaag my ouma weg

Spesiale aanbod: Koop hierdie CD vóór 23 Feb vir slegs R85! Gewone prys R95

annaemm
kinderstories

Koop "Jou seekoei staan op my voet" hierdie week @ slegs R85 by enige AnnaEmm-agent, of direk by ons teen die normale prys van R95. (SPESIALE PRYSE SLEGS BY AGENTE)

Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n AnnaEmm agent in jou area! Aanbod geldig tot 23 Februarie 2015.

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories-produkte te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Padda red vir Brommer illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za